higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPLEGINGSTRUKTURE EN -MANDATE
NKR VLAK 3

(8021013)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat 'n spasie en trek 'n streep oor die bladsy nadat ELKE vraag voltooi is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Departement van Korrektiewe Dienste is daarop gerig om heroortreding onder gevangenes deur alleenopsluiting te verminder.

1.2 Die Hoogste Hof van Appèl hanteer slegs sake wat deur die Hoë Hof daarna verwys word.

1.3 Almal het die reg daartoe om nie sonder redelike oorsaak van vryheid ontneem te word nie.

1.4 Die Nasionale Vervolgingsgesag het 'n mandaat om ernstige georganiseerde en komplekse finansiële misdade te ondersoek.

1.5 Batho Pele-beginsels waarborg sosio-ekonomiese regte wat die reg op behuising, gesondheidsorg, voedsel, water en onderwys vir alle mense in Suid-Afrika insluit.

1.6 Religieuse liggame help oortreders om hul spirituele behoeftes te bevredig deur vennootskappe met geloofgebaseerde organisasies.

1.7 Geslote maksimumsekuriteitsentrums huisves gevangenes wat kort vonnisse van tussen twee en tien jaar uitdien.

1.8 'n Slagoffer, misdadiger of getuie staan 'n redelik billike kans om met die strafregplegingstelsel in interaksie te kom.

1.9 Verordeninge oor openbare oop ruimtes beperk toegang om enige aspek van die omgewing te beskerm en word volgens bevoegdheidgewende wetgewing deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens afgedwing.

1.10 Die hofordonnans verdedig 'n persoon wat daarvan beskuldig word dat h/sy 'n misdaad gepleeg het en roep getuies om in die saak getuienis te lewer. **[10]**

(10 × 1)

NCV

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.4.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

polisiëring; aanspreeklik; universele standaarde; misdaad; veroorsaak; regering; wêreld; verordeninge; gedrag; witskrifte; menseregte

2.1 (2.1.1) … is morele reëls en beginsels van (2.1.2) … en gesindhede wat deur die (2.1.3) … toegepas word. (3)

2.2 Die Metropolitaanse Polisiediens is verantwoordelik vir (2.2.1) … in groot stede deur (2.2.2) …te voorkom, verkeersbeheer toe te pas en (2.2.3) … af te dwing. (3)

2.3 (2.3.1) … is amptelike verslae deur die (2.3.2) … wat die doel en implementering van 'n plan verduidelik. (2)

2.4 Gemeenskapspolisëringsforums is gevestig om die plaaslike polisie aan die gemeenskap (2.4.1) … te maak en om die (2.4.2) … van misdaad te identifiseer. (2)

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Mandaat	A	handhaaf wet en orde in Suid-Afrika
3.2	Bevoegdheidgewende wetgewing	B	gemeenskappe wat mekaar se huise oppas om misdaad te voorkom
3.3	Strafregplegingstelsel	C	magte wat aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens verleen is om misdaad te voorkom, beveg en ondersoek
3.4	Aktiveer transnasionale misdaad	D	is by die Raad vir Sekuriteitsbeamptes geregistreer ten einde 'n mandaat te bekom om wetstoepassingsfunksies te vervul
3.5	NICRO	E	besluit of beskuldigdes skuldig is of nie
3.6	Arbeidshowe	F	verbeterde regulering van binnekomshawens en grensgebiede
3.7	Buurtwag	G	gesag om 'n beleid uit te voer
3.8	Herstel	H	help jong oortreders om in die gemeenskap herintegreer te word
3.9	Magistraat	I	geskille tussen vakbonde en werkgewers
3.10	Privaat sekuriteitsmaatskappye	J	oortreders herstel onreg aan slagoffers
		K	howe is ingestel om sake van diskriminasie teen mense as gevolg van hul geslag, ras, kleur en geloof aan te hoor

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

NCV

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Bespreek die organisasies van die Strafregplegingstelsel wat by misdaadvoorkoming betrokke is. (5)

4.2 Die regte in die Handves van Regte mag in sekere omstandighede beperk word tot die mate dat die beperking redelik en regverdigbaar is.

Noem VIER tipes kriteria om te oorweeg. (4)

4.3 Noem enige VYF funksies wat die verkeerspolisie volgens die bepalings van die Wet op Nasionale Padverkeer Nr. 93 van 1996 moet verseker. (5)

4.4 Definieer die term *alleenopsluiting*. (2)

4.5 Noem enige VYF professionele persone wat oortreders mag help om te rehabiliteer. (5)

4.6 Noem enige DRIE tipes sake wat die gelykheidshowe hanteer. (3)

4.7 Noem enige SES redes wat mense motiveer om by liefdadigheidswerk betrokke te raak. (6)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

NCV

AFDELING C

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

VRAAG 5

GAUTENG SE 'SPIDERMAN' OPGESLUIT NA 'N MISDAADMAKIETIE VAN VIER JAAR

Johannesburg – 'n Reeksverkragter en huisrower met die bynaam, Spiderman, is agt lewenslange vonnisse en 861 jaar opgelê vir 'n misdaadmakietie wat oor vier jaar gestrek het, het die Gautengse polisie Sondag gesê.

Brigadier Mashadi Selepe het in 'n verklaring gesê dat die Hoë Hof in Johannesburg, wat in Kagiso gesit het, Lucky “Spiderman” Murovhi, 29, Vrydag gevonnis het.

Tydens 2008 en 2012 het hy in woonbuurte in Gauteng, insluitend Honeydew, Booysens, Jeppe, Welbekend, Hammanskraal, sentraal Johannesburg, Diepkloof en Mondeor ingebreek en agt vroue verkrag.

Die inwoner van Cosmo City het die bynaam, Spiderman, gekry weens sy vermoë om hoë mure uit te klim om by huise in te breek.

Hy het vyf keer uit aanhouding ontsnap. Die eerste keer was uit die polisieselle van die Welbekend-polisiestasie. Hy is in Hammanskraal weer in hegtenis geneem. Toe hy hof toe geneem is het hy gevra om die toilet te gebruik en het so weer ontsnap.

Nadat hy weer gevang is, het hy in 2009 onder 'n vals naam uit die gevangenis in Johannesburg ontsnap. Nadat hy weer gearresteer is, het hy aangevoer dat hy iemand anders was en so daarin geslaag om homself uit die Randburg se Landdroshof vrygelaat te kry.

Hy is weer gearresteer en in Maart 2012 het hy weer uit die gevangenis in Johannesburg ontsnap. Hy is in Oktober van dieselfde jaar weer in hegtenis geneem.

Die ontsnappings is beëindig toe die ondersoekbeampte, Speurder-sersant Phakedi, versoek het dat Murovhi in 'n hoërisikofasiliteit aangehou word en self oor sy vervoer na en van die hof toesig gehou het.

Murovhi is agt lewenslange vonnisse vir die agt verkragtings opgelê. Hy is 580 jaar gevonnis vir die 29 aanklagte van inbraak met die doel om te steel en te roof, en 200 jaar vir 10 aanklagte van diefstal met verswarende omstandighede. Hy is 81 jaar gevonnis vir ontsnapping uit aanhouding, brandstigting, onwettige besit van 'n vuurwapen en diefstal.

[Bron: eie vertaling uit *News 24, Sondag, 2 Augustus 2015*]

5.1 Bespreek die redes waarom Lucky Murovhi se saak in die Johannesburgse Hoë Hof aangehoor is. (6)

5.2 Gevangenes wat gevonnis is, moet so spoedig moontlik na opname in die korrektiewe sentrum geassesseer word om sekere behoeftes te bepaal.

Noem enige VYF van hierdie behoeftes. (5)

5.3 Beskryf die tipe fasiliteit waar Lucky Murovhi geplaas sal word om sy vonnis uit te dien en verduidelik die redes vir hierdie plasing. (4)

5.4 Bespreek die metodes waarop Lucky 'Spiderman' Murovhi se teenwoordigheid in die hof verseker word soos in artikel 38 van die Strafproseswet (Wet Nr. 51 van 1977) omskryf word. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

Beantwoord EEN van die twee vrae in die hierdie afdeling.

VRAAG 6

Parool is 'n internasionaal aanvaarde meganisme wat vir die voorwaardelike vrylating van oortreders uit 'n korrektiewe sentrum na die gemeenskap voorsiening maak voordat die totale gevangeneskap, soos deur die hof opgelê, uitgedien is.

6.1 Bespreek die vrylating van oortreders onder paroolplasing en die voorwaardes vir sodanige vrylating. (13)

6.2 Verduidelik die begrip korrektiewe toesig. (7)
[20]

OF

VRAAG 7

Nog 'n vulstasie is gister vroeg deur vyf gewapende mans by 'n winkelsentrum beroof. Dit was die tweede voorval in twee dae waar gewapende mans met klapmusse 'n vulstasie beroof en 'n onbepaalde hoeveelheid geld, sigarette en lugtyd gesteel het.

Bespreek die impak wat misdaad op besighede het en die rol wat die sakegemeenskap in die stryd teen misdaad speel. (20)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou